

In hierdie uitgawe

- BI 1 Kom ons praat saam oor kerkwees (Ds Hannes Janse van Rensburg)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysler:** Die eise van dissipelskap
- BI 3 **Kerk en geloof in perspektief**
Die erediens in die “perfekte storm” (Ds Hannes van der Merwe)
Finansies
Nou kan ons ondersteunend optree (Mnr Kobus Viljoen)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Wat doen die Hervormde Kerk om armes te help?
Die NHSV reik uit (Mev Marita Fourie)
- BI 6 **Wat kerknous aanbetref**
Prof FJ van Zyl – hy sterf om te lewe (Prof Theuns Dreyer)
Om ons erfenis te bewaar (Dr Christo Pretorius)
- BI 7 **Gespreksforum (lesersbriewe)**
Die Kerk moet baie nader kom (Mev Louise Geysler)
Herlewing? Ek glo en ek hoop... (Dr Erna Oliver)
- Agterblad **Oordenking**
God is met ons (Ds Louis Venter)



Die eise van dissipelskap

Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig soos volg:

Dit is aan ons oorbekend dat Jesus dissipels geroep het langs die See van Galilea. Met die oproep om Hom te volg, kom ook die belofte/roeping: *Ek sal julle vissers van mense maak*. Ons kan seker op grond hiervan (en baie ander Skrifgedeeltes) dit onomwonde stel: *dit was Jesus se bedoeling*. Om dissipel, leerling, navolger van Jesus te wees, beteken en vereis dat mense (sy kerk?) deel word van Jesus se sending na die wêreld. Hulle word *vissers van mense*. Hulle bring mense in soos vissers die visse in die net ingebring het. Dit is nou nie asof dit 'n keuse is wat jy kan doen of nalaat nie – jy is óf besig met hierdie roeping om mense in te bring óf jy is nie 'n dissipel van Jesus nie!

Jesus het mense nie net geroep nie. Hy het hulle ook gewaarsku: daar is eise aan dissipelskap. Gaan lees maar weer 'n keer byvoorbeeld Lukas 14: 25-33. *Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie*. Bereken eers wat dit kos om volgeling van Christus te wees – soos iemand wat 'n gebou wil oprig. Bedink wat dit gaan behels om by die stryd betrokke te raak, voor jy toetree tot hierdie navolging...

Wat doen die Hervormde Kerk om armes te help?

'n Vraelys is deur die Kerk gesirkuleer waarop diakensvergaderings vrae rondom armoede en gemeentes se strategie vir die verligting van armoede moes beantwoord. Daaruit het geblyk dat armoede vir baie gemeentes nog nie 'n werklikheid geword het nie. Die diakens leef en werk in gemeentes waar mense dalk finansiële kan sukkel om te oorleef maar hulle is nog nie werklik “arm” nie. Daarom het 86% van die gemeentes 'n kos- en klerekas wat lewensmiddels uitdeel soos die mense kom vra. Hierdie gemeentes reik nie uit na mense in ander gebiede nie – die behoeftige moet fisies die pad van die gemeente kruis of spesifiek na die gemeente verwys word vir hulp. Omdat baie van die diakens nie met armoede in sy ergste vorm gekonfronteer word nie, bly die vraagstuk van armoede “ander mense” se probleem. Dit kan dalk een van die redes wees hoekom projekte wat op die verligting van armoede fokus 'n laer prioriteit geniet as projekte wat ingestel is op die finansiële oorlewing van die gemeente.

Intussen gaan die NHSV onverpoos voort met opheffingswerk. **Mev Maita Fourie, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, verduidelik:**

Die NHSV Hoofbestuur en die Algemene Diakensvergadering (ADV) is geruime tyd reeds besig met fondsinsameling vir die verligting van armoede. Na die vorige NHSV kongres en die Armoedeberaad van die ADV, is verskillende projekte aangepak. Verskeie *Ons gee om*-konserte is gehou, in die Aula van die Universiteit van Pretoria (2007) met verskeie kunstenaars; Krugersdorp (Wes-Rand, 2006); Springs (Oos-Rand, 2007); Potchefstroom (Noordwes, 2008) met Navi Redd. Al die NHSV takke en diakens het saamgewerk en groot bedrae is ingesamel; daar is ook verskeie donasies ontvang.

Gedurende 2006 en 2007 is in samewerking met die ADV en Die Ondersteuningsraad Kerskospakkies aan honderde van ons mense wat in nood verkeer, voorsien – ook aan twee wit plakkerskampe in Krugersdorp. Die hoofbestuur het R70 000 bewillig vir hierdie projekte.

As deel van armoedeverligting het Oorwinningskinders ontstaan. Dit is 'n projek van die ADV en bestaan uit 'n groep jong Hervormers wat konserte hou om fondse in te samel vir die ontwikkeling van en ondersteuning aan ander jongmense in nood.

